# Die moederskoot van Israel: 'n Teologiese besinning oor die nuwe navorsingsresultate met betrekking tot die totstandkoming van Israel

**L C Bezuidenhout**
**Departement Bybelkunde**
**Universiteit van Pretoria**

**Abstract**

**The womb of Israel: Theological reflections on recent research results concerning the origin of Israel.**

*Recent research concerning the origin of Israel has the potential to cause theological disorientation. The birth of Israel and its religion was unpretentious and not as unique as it may appear in the Biblical accounts. It is necessary to analyse and evaluate these results and to integrate it into a theological perspective. These results can induce theological benefits if it is perceived in the right perspective.*

## 1. INLEIDING

Moderne navorsing oor die totstandkoming van Israel het nuwe, opwindende horisonne ontsluit. Hierdie navorsingsresultate weerspreek in 'n sekere sin tradisionele opvattings. In die teologiese proses word gegewens geïnterpreteer en geïntegreer in 'n wyer verwysingsraamwerk. Wanneer nuwe gegewens op die tafel kom, kan dit lei tot teologiese disoriëntasie indien die persepsie bestaan dat hierdie gegewens die fondamente van die teologiese verwysingsraamwerk ondergrawe.

Dit blyk dat daar in die teologie groot waarde geheg word aan die oorspronge van entiteite wat gesien word as kernentiteite. In die verlede het die debat rondom skepping en evolusie groot opslae gemaak. Die feit dat natuurwetenskaplike gegewens oënskynlik Bybelse gegewens weerspreek, het gelei tot teologiese disoriëntasie. Op Nuwe-Testamentiese gebied is daar tans 'n lewendige debat in die kerk oor die geboorte van Jesus. Sekere tradisionele opvattings oor die aard van die geboorte van Jesus word in twyfel getrek in moderne navorsing. Die ontstaan van Israel is miskien minder kontensieus as bogenoemde twee onderwerpe, maar teologiese besinning oor hierdie onderwerp kan ook in 'n wyer opset relevansie hê.

In hierdie artikel word krities gekyk na moderne navorsingsresultate rondom die ontstaan van Israel. Verskillende benaderings word geïdentifiseer en gekategoriseer.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Daar word gekyk na terreine waar teologiese veronderstellings deur nuwe gegewens bevraagteken word. Die geldigheid en noodsaaklikheid van sulke teologiese veronderstellings word krities bestudeer. 'n Poging word aangewend om nuwe teologiese veronderstellings daar te stel wat kan rekening hou met die nuwe navorsingsresultate op hierdie gebied. Hierdie navorsing hou rekening met die feit dat Bybelse gegewens in sommige opsigte ideologiese produkte en instrumente is van die sosiale vorming van Israel (vgl Gottwald 1979:668). Hierdie taak word aangepak met 'n na-kritiese naïwiteit wat impliseer dat die Bybel steeds as Woord van God beskou word wat moet neerslag vind in die lewens van mense.

## 2. DENKRIGTINGS TEN OPSIGTE VAN DIE ONTSTAAN VAN ISRAEL

### 2.1 Die Baltimore-skool

Sedert 1946 het die Baltimore-skool sterk op die voorgrond getree. W F Albright was die belangrikste lid van hierdie skool. Die lede van hierdie skool het hulle daarvoor beywer om aan te toon dat buite-Bybelse gegewens klop met Bybelse gegewens (vgl Albright 1949). Hierdie benadering spruit uit die vooronderstelling dat die inhoud van die Bybel 'waar' is, en dat 'waarheid' identies is aan historiese feitlikheid. So 'n standpunt kan alleen met sekere akademiese opofferinge gehandhaaf word. Dit is steeds die benadering binne fundamentalistiese groepe.

### 2.2 Die 'Alt-Noth-skool'

Die mees prominente navorsers van die 'Alt-Noth-skool' was Albrecht Alt en Martin Noth. Vir hulle was die Ou-Testamentiese weergawe van die geskiedenis van Israel nie so onaantasbaar soos vir die Baltimore-skool nie. Hulle het meer wetenskaplik omgegaan met argeologiese vondste en het hulle siening van etnologie en sosiologie laat aansluit by die besondere aard van die Ou Nabye Ooste (vgl Lemche 1985:1). Hulle het die standpunt gehuldig dat daar nie 'n gesamentlike inval in Kanaän was nie, maar dat daar 'n stelselmatige infiltrasie van nomade van buitekant die grense plaasgevind het. Die immigrante het hulleself in 'n ἀμφικτυονία, 'n groepering van buurstate, georganiseer. Die gesaghebbende weergawe van Israel se geskiedenis is deur hierdie groep gesien as Noth se *Geschichte Israels* (1950). Hierdie denkrigting het tot onlangs groot aanklank gevind. Laasgenoemde twee denkrigtings het van die veronderstelling uitgegaan dat Israel van buite Kanaän geïmmigreer het. In hierdie denkrigtings is vasgehou aan die veronderstelling dat Israel uit die staanspoor onderskei kan word van die Kanaäniete.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

### 2.3 Voorstanders van die hipotese dat Israel in Kanaän ontstaan het

In 1962 het G E Mendenhall 'n artikel gepubliseer wat die weg gebaan het vir 'n nuwe beskouing oor die ontstaan van Israel. Volgens hierdie denkrigting het daar skeiding gekom tussen stedelinge en plattelanders. Onder die plattelanders het daar nuwe groeperinge tot stand gekom, onder andere 'n groepering wat later bekend sou staan as Israel. Israel het dus binne Kanaän uit die Kanaäniete ontstaan. N K Gottwald en N P Lemche is prominente navorsers wat tot hierdie groep behoort.

## 3. INTERPRETASIE VAN BUITE-BYBELSE AANDUIDINGS VAN ISRAEL SE TOTSTANDKOMING IN KANAÄN

### 3.1 Die beperkte aard en indirekte betekenis van materiële aanduidings in Kanaän

Wanneer een volk 'n ander verower en dié se land inneem, moet daar duidelike argeologiese aanduidings van so 'n verandering van kultuur wees. Die verandering van materiële kultuur in Kanaän wat wel argeologies vasgestel kan word, dui op 'n geleidelike ontwikkeling van 'n bepaalde kultuur (Dever 1990:83). Die afwesigheid van argeologiese aanduidings van 'n nuwe kultuur in Kanaän (afgesien van die Seevolkere) is die vernaamste rede waarom daar nuut gedink word oor die verskyning van Israel in Kanaän. By die gebrek aan argeologiese aanduiding van Israel se ontstaan, word daar swaar gesteun op sosiologiese modelle om die totstandkoming van Israel te rekonstrueer.

'n Grootskaalse vernietiging van stedelike sentra in die Laat-Bronstydperk (2150-1200 v C) kan argeologies aangedui word (vgl Miller 1977:254-256). Daar is aanduidings van agteruitgang van die Kanaänitiese kultuur. Hierdie verskynsel kan dui op 'n situasie van interne onrus (Fritz 1994:131). Die Baltimore-skool het hierdie getuienis aangegryp as bewys van die historisiteit van die Bybelse weergawe van die inname van Kanaän deur Josua. Tog is dit nie die enigste moontlikheid nie. Mendenhall (1983:99) toon aan dat die vernietiging in Kanaän deel is van grootskaalse vernietiging in die Laat-Bronstyd in die oostelike Mediterreense gebied en in 'n mindere mate ook in Mesopotamië oor 'n tydperk van 'n eeu of meer. Hierdie vernietiging kan toegeskryf word aan 'n kombinasie van die volgende oorsake: tussenstedelike oorlog (soos blyk uit die Amarnabriewe), Egiptiese imperialistiese veldtogte (ook duidelik aangedui in dokumente), die aankoms van die Seevolke, veldbrande, aardbewings en moontlik ook voorkoming van die verspreiding van siektes (vgl Coote & Whitelam 1987:128; Chaney 1983; Gottwald 1979; Ramsey 1982). Stede soos Jerigo, Ai en Gibeon, wat prominent is in die Bybelse weergawe van die inname van Kanaän, is nie in hierdie tyd bewoon nie. Dit ondermyn dus die die inname-model (Coote & Whitelam 1987:128).




Digitised by the University of Pretoria, Library Services

In hierdie tyd het die Miseense en Hettitiese ryke geval, Egipte is ernstig verswak en talle stadstate aan die oostekant van die Middellandse See het tot niet gegaan. Handel het dramaties afgeneem en stadstate is verswak. Hierdie toestande het waarskynlik die weg gebaan vir die totstandkoming van Israel (Coote & Whitelam 1987: 128).

'n Belangrike verskynsel wat lig kan werp op die totstandkoming van Israel en wat argeologies aanwysbaar is, is die uitbreiding van dorpe en landbounedersettings in die sentrale hoogland van Kanaän van die dertiende tot die elfde eeu v C (vgl Coote & Whitelam 1987:27-80). In 'n onlangse publikasie van Dever (1995) toon hy aan dat daar volgens die verspreiding van pottebakkersware op die hoogland afgelei kan word dat Israel of Proto-Israel aan die begin van die Yster I tydperk 'n onderskeibare groepering was. Die pottebakkersware verskil nie van die ander Kanaäniete s'n nie, maar wel die voorkeur vir bepaalde voorwerpe. Hierdie gevolgtrekking sluit aan by die veronderstelling dat Israel uit die Kanaänitiese kultuur ontwikkel het. Dit impliseer dat Israel so ontwikkel het dat daar reeds in hierdie tyd aanduidings is van 'n onderskeibare groep.

### 3.2 Die Merneptah-stela

Dat Israel in 1200 v C in Kanaän was, is seker. Die belangrikste bewys daarvan is die Merneptah-stela uit ongeveer 1207 v C waarop aangedui word dat Egipte 'Israel' in Kanaän verslaan het (vgl Pritchard 1955:378). In hierdie oorwinningslied van Merneptah word Israel genoem na Askelon, Geser en Janoam. Indien die name in geografiese volgorde genoem word, sou dit impliseer dat Israel iewers in die noorde van Kanaän is (vgl die kaart langsaan). Die determinatief wat vir Israel gebruik word, dui egter nie op 'n gevestigde gemeenskap nie. Alhoewel die lokalisering van Israel problematies is, dien die verwysing na Israel in buite-Bybelse literatuur die strewe van destydse navorsers om te bewys dat die Bybel in hierdie opsig wel histories korrek is.




Hierdie strewe kom sterk na vore by die 'Baltimore-skool'. In die geval van die vermelding van Israel in die Merneptah-stela beteken dit dat die datum van die uittog uit Egipte baie vroeg geskuif moet word. Selfs in moderne konserwatiewe publikasies word die datum van die uittog gestel op 1446 v C (vgl *Life Application Bible* 1988: xiv). Die verskuiwing van die datum los egter nie die probleme op nie. In die Bybel is



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

daar geen aanduiding van 'n oorwinning van Egipte oor Israel in hierdie tyd nie. Die situasie in Kanaän in 1207 v C was waarskynlik heel anders as wat dit in die Bybel voorgestel word.

### 3.3 Die 'apiru'

Die sogenaamde Amarnabriewe lewer 'n groot bydrae tot ons verstaan van toestande in Asië in die eerste helfte van die veertiende eeu. Dit bestaan uit byna 400 briewe van vreemde konings en Egiptiese onderdane aan amptenare van buitelandse sake in die Egiptiese hoofstad. In die Amarnabriewe word verwys na die sosiale onrus in die Kanaänitiese stadstate in die tydperk 1390-1362 v C. Een van die interessante groepe waarna verwys word, is die *apiru*. Ook talle ander tekste oral oor die Nabye Ooste oor die tydperk 1450 tot 1300 v C maak melding van die *apiru*. Die *apiru* is groepe aan die rand van die samelewing. Die *apiru* was sowel buite as binne Kanaän: in Sirië, Libanon sowel as in Israel, soos dit vandag bestaan. Hulle is in diens van verskillende regerings, soms is hulle boere, soms huursoldate, soms roofbendes. Wat navorsers interesseer, is die moontlike verband tussen die *apiru* en die Hebreeuse woord עִבְרִי. Sommige navorsers is van mening daar daar wel 'n semantiese verband is tussen hierdie woorde en dat daar 'n verband bestaan tussen die *apiru* en die totstandkoming van Israel (vgl Gottwald 1993a:101; 1993b:171-172). Volgens Mendenhall (1962:105-107) verwys *apiru* en Hebreër na dieselfde sosiologiese verskynsel. Dit verwys volgens hom na mense wat in opstand kom teen die stadstate. Die verband tussen die *apiru* en Israel versterk die vermoede dat Israel nie aanvanklik 'n onderskeibare kuturele groep was nie, maar eerder sosiale buitestaanders.

### 3.4 Hipotese: Infiltrasie van nomade

Alt en Noth se hipotese van 'n geleidelike infiltrasie van nomade sou een oplossing wees vir die gebrek aan argeologiese aanduidings van die teenwoordigheid van 'n nuwe groep. Nomade laat argeologiese materiaal agter wat baie moeilik teruggevind kan word, indien enigsins. Nomade het jaarliks uit die steppe na die berglandskap van Kanaän en terug getrek. Later het party van hulle hulle gevestig in die land en van lewenswyse verander (vgl Alt 1966:135-169). Volgens hierdie benadering is Israel steeds beskou as 'n etnies en kultureel onderskeibare groep wat duidelik afgegrens is van die Kanaäniete. Alt (1966:135-169) het veronderstel dat stamme reeds gevorm het voordat hulle hulle in Kanaän gevestig het, terwyl Noth gemeen het dat hulle eers in Kanaän stamme gevorm het (vgl Lemche 1985:42).

Die hipotese van Alt en Noth dat die land ingeneem is deur nomades wat op soek was na nuwe weiding, is ook problematies (vgl Dever 1990:83). Die probleem lê daarin dat die gemeenskappe wat as 'Israelities' beskou is, gekenmerk was deur gemengde boerdery. Daar is van die begin af so 'n ooreenkoms tussen die materiële kultuur van



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

hierdie gemeenskappe en dié van die gevestigde Kanaäniete dat 'n grootskaalse immigrasie van nomades uitgesluit word (Gottwald 1993:174). Mendenhall (1962:101v; 1976:140) het aangetoon dat daar nie so 'n duidelike onderskeid bestaan tussen landbouers en nomade nie. Hulle het dikwels tot dieselfde stam behoort en was op mekaar aangewese. Indien daar 'n skeiding tussen gemeenskappe aangetoon kan word, is dit nie tussen nomade en gevestigde plattelandse gemeenskappe nie, maar tussen plattelandse gemeenskappe en stedelike gemeenskappe.

Daar is egter sommige navorsers wat steeds staan by die hipotese dat Israel 'n nomadevolk was in teenstelling met die res van die Kanaäniete. Volgens Fritz (1987, 1994:132) het hierdie nomades uit die suide gekom. Hulle het vir 'n lang tyd kontak gehad met die Kanaäniete voordat hulle hulle gevestig het in die suide van die land. Hierdie kontak sou verklaar waarom die materiële kultuur van Israel en die Kanaäniete so ooreenstem. Die pottebakkersware, metaalvervaardiging en skrif na 1200 v C is 'n voortsetting van die ontwikkelinge voor hierdie tyd in Kanaän.

### 3.5 Hipotese: Boererevolusie

Mendenhall (1962:107) glo dat die Israelitiese oorname van Kanaän eintlik 'n boererevolusie was. Plattelanders het in opstand gekom teen die netwerk van Kanaänitiese stede. Aangesien Israel dieselfde oorsprong gehad het as die res van die Kanaänitiese bevolking waarteen dit in opstand gekom het, was die vorming van Israel nie etnies bepaald nie. Dit was inklusief. Eers na 'n aantal katastrofes het die Israeliete hulle identiteit gevind in biologiese kontinuïteit en is dit gesluit vir vreemdelinge (Mendenhall 1962:118).

Gottwald (1975:91) protesteer ook teen die tendens om sosio-politieke veranderinge aan etniese verskuiwings toe te skryf. Volgens hom is Israel gebore uit 'n opstand teen die hiërargies-feodale sosiale stelsel. Die opstand word beskryf as *retribalization* — 'n terugkeer na 'n primitiewe stelsel van gelykheid. 'n Deel van die bevolking het hulle onttrek van die stadstate. Die onttrekking is moontlik gemaak deur 'n aantal tegniese uitvindsels. Gottwald (1979:493-497) verskil van Mendenhall in die sin dat hy die revolusie nie sien as 'n eenmalige en bepalende gebeurtenis nie, maar as 'n langdurige revolusionêre evolusie.

Die vraag kan gevra word: Waarom is daar nie in die Bybel enige aanduiding van 'n boererevolusie nie? Gottwald verwys na 'n paar tekste wat dit moontlik kan impliseer (Num 21:27b-30; 25; Jos 12:9-24; 24), maar dit is nie oortuigend nie (Gottwald 1978:41).



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

### 3.6 Hipotese: Langdurige evolusie

Lemche (1985:20) en Coote (1990:2) twyfel of daar ooit 'n revolusie was en of die oorspronklike Israelitiese bevolking ooit anti-Kanaänities was. Dit sou miskien meer korrek wees om van 'n evolusie van politieke en sosiale patrone te praat wat gelei het tot die verskyning van Israel na baie eeue. Dit is moontlik hierdie laaste fase wat deur die Deuteronomis teruggeprojekteer is in die geskiedenis.

Israel was waarskynlik een van die staatlose gemeenskappe wat tot stand gekom het aan die einde van die Laat Bronstydperk en die begin van die Ystertydperk, en wat later bekend sou staan as die Arameërs, Moabiete, Ammoniete en Edomiete (Lemche 1985: 433). Volgens Coote was Israel 'n militêre koalisie in die laaglande in diens van Egipte (hulle leier, Moses, was 'n Egiptiese agent). Na die val van Egipte het hulle hulle gevestig in die hooglande (Coote 1990:71-93). Alhoewel Coote se hipotese interessant is, is dit 'n bietjie vergesog.

## 4. Die rol van religie in die totstandkoming van Israel

Die Baltimore-skool het die religie van Israel gesien as die groot dryfveer van die volk. Dit het die volk saamgebind. Albright (1963:37) maak die volgende opmerking: 'Israel posessed an unuasually powerful centripetal force in the Mosaic tradition'. Mendenhall (1962:107) is van mening dat religieuse motivering aanleiding gegee het tot solidariteit tussen sosiale eenhede en tot die oorwinning oor die Kanaänitiese stadstate. Die religie het ontstaan onder 'n klompie slawe wat uit Egipte gevlug het en in die woestyn 'n verhouding met JHWH ontwikkel het. Hierdie religie het uitgebrei na ander stamme in Kanaän. Dit is ingespan teen die Kanaänitiese godsdiens en was van die begin af teen alles wat Kanaänities is (Mendenhall 1962:107-115).

Mendenhall se siening oor die rol van die religie is in 'n sekere sin naïef. In teenstelling met die res van sy hipotese wat sosiologies-wetenskaplik gefundeerd is, is sy beskouing oor die rol van religie intuïtief. In hierdie opsig verskil hy nie veel van die Baltimore-skool nie. Gottwald is krities teenoor so 'n houding. Dit is waar dat die geskiedenis van Israel vanuit die Ou-Testamentiese perspektief bepaal is deur die religie van Israel. Wanneer daar egter sosiologies gekyk word na die ontwikkeling van 'n volk, is dit volgens Gottwald (1975:91) verkeerd om een fenomeen in die samestelling van 'n gemeenskap uit te sonder en dit terug te projekteer as die enigste of vernaamste faktor in die geboorte van 'n volk. Volgens Gottwald (1979:493-497) het die revolusie lank geduur. Dit het begin lank voor die koms van die JHWH-religie. Hy gee toe dat Jahwisme gegeld het as gemeenskaplike ideologie, maar nie as die bepalende oorsaak van die revolusie nie. In die tweede fase van die revolusie het die Moses-groep uit Egipte aangekom en die JHWH-religie ingevoer.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Mendenhall en Gottwald stem saam met Albright dat goddelike ingryping 'n rol gespeel het in die totstandkoming van Israel. Waar Albright van mening is dat die hele volk deel gehad het aan God se openbaring, glo Mendenhall en Gottwald dat dit slegs 'n klein gedeelte van die uiteindelike Israel was.

Daar is volgens Gottwald (1979:xxiii) skerp onderskeid gemaak tussen dit wat eie is aan die Kanaänitiese sosiale en religieuse stelsel en dit wat daarvan verwyderd is. Gottwald, soos Mendenhall, heg waarde aan die unieke karakter van die JHWH-religie en die feit dat dit duidelik onderskeibaar is van die Kanaänitiese religie. Lemche bevraagteken hierdie opvatting. Het die JHWH-religie werklik 'n deurslaggewende rol gespeel in die revolusie? 'n Groot deel van die bevolking het nie die indruk gehad dat die JHWH-religie in opposisie is met die Kanaänitiese religie nie (Lemche 1985:20). Waarom word die landinnametradisie deur Mendenhall en Gottwald verwerp, maar die Sinaï-tradisie word as histories aanvaar (Lemche 1985:413)? Volgens Lemche (1985: 415) moet Bybelse gegewens wat verwys na die tyd voor Dawid as a-histories beskou word.

Die ontstaan van Israel se religie is problematies. Sosiologiese studies verwerp deesdae die kategoriese skeiding tussen die JHWH-kultus as 'n historiese religie en die kultus van Baäl as 'n natuurreligie (Gottwald 1979:903-13; vgl Smith 1990). Volgens Gottwald (1993:182) was JHWH geassosieer met die Kanaänitiese El en JHWH as vegter en voorsiener van vrugbaarheid is geassosieer met Baäl en is vereer deur Kanaänitiese mites en rites. Hierdie nuwe benadering bring ander insigte ten opsigte van argeologiese vondste. Die brons bul wat in Manasse gevind is, is tradisioneel geïnterpreteer as 'n nie-Israelitiese standbeeld wat gebruik is in die aanbidding van die Kanaänitiese El. Hierdie standpunt word nou betwyfel (Gottwald 1993:183). Die vondste by Kuntillet Ajrud ('n klein Israelitiese heiligdom van die agste eeu tussen Kades Barnea en Eilat) is opspraakwekkend. Daar is inskripsies gevind wat verwys na JHWH, El en Baäl. Op 'n houer is 'n tekening van 'n vroulike figuur met die byskrif: *Ek seën u deur JHWH ons bewaarder en deur sy Asjera.* Op 'n inskripsie uit die agste eeu uit Kirbet el-Qom, wes van Hebron, kom 'n soortgelyke seënwens voor: *Geseënd is Urijahu deur JHWH, en verlos hom van sy vyande deur sy Asjera.* Sy is waarskynlik voorgestel as die vrou van JHWH. In Ugaritiese tekste is sy die vrou van El. In Jerusalem is hierdie beskouing tydens die reformasie van Josia beveg (vgl 2 Kon 21:7; 23:7), maar in ander heiligdomme was dit waarskynlik aanvaar tot aan die einde van die koningskap (Dever 1990:140-149). Dit is moontlik dat hierdie voorstelling uit die vroegste stadia van Israel se godsdiens kom.

Voorstellings van die godheid was uitruilbaar. Psalm 29 is 'n goeie voorbeeld van die gemeenskaplikhede tussen Israel en die res van die Kanaänitiese gemeenskap. Hierdie psalm word beskou as een van die oudste tekste in die Bybel. Die psalm bevat ou elemente wat Israelitiese en Ugaritiese literatuur in gemeen het. Dit is duidelik dat uit-



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

sprake oor JHWH en Baäl uitruilbaar is (vgl Bezuidenhout 1978; Loretz 1988). Lemche wys daarop dat navorsers geneig is om te fokus op sekere afkeurenswaardige aspekte van die godsdiens van Kanaän soos vrugbaarheidsrites en natuurreligie. Tog was daar ook ander aspekte teenwoordig soos lewensreëls, reg en sosiale geregtigheid (1985:433). Hammershaimb (1960) het reeds ses-en-twintig jaar gelede aangetoon watter ooreenkomste bestaan tussen die sosiale etiek van die profete en soortgelyke konsepte in ander literatuur uit die Ou Nabye-Ooste. Dit mag wees dat hierdie aspek, naamlik etiek, in Israel uitgesonder is as die primêre aspek van Israel se religie (Lemche 1985:434).

Die verhaal van die offer van Isak kan moontlik 'n voorbeeld wees van so 'n ontwikkeling in Israel. Hierdie verhaal is een van die mees afgeronde verhale in die Bybel en hanteer waarskynlik baie ou tradisies. Daar is moontlik verskillende lae in die verhaal wat verwys na verskillende tradisies. Een daarvan is vir hierdie bespreking ter sake: In Gen 22:19 word genoem dat Abraham na die offer teruggekeer het na sy dienaars. Die enkelvoud is opvallend. Waar is Isak? Hierdie klein eienaardigheid kan miskien 'n oorblyfsel wees van 'n ou verhaal waarvolgens die pa werklik die seun geoffer het. In die ou kulture, selfs in Israel, was kinderoffers 'n bekende praktyk (Deut 12:31; 2 Kon 16:3; 2 Kon 21:6; vgl Green 1975). Dit word in die Deuteronomistiese geskiedswerk sterk veroordeel (Deut 12:31; 2 Kon 23:10). Tog kon daar 'n tyd wees waarin dit ook onkrities in Israel aanvaar is. Die feit dat daar nie kommentaar gelewer word op die offer van Jefta se dogter nie (Rig 11), kan moontlik hierop dui (daar is egter ook ander redes vir die swye oor hierdie daad van Jefta). Die oorspronklike verhaal van Genesis 22 is waarskynlik aangepas en gebruik as 'n kultiese sage van 'n bepaalde heiligdom waar die offer van 'n kind vervang is deur die offer van 'n dier (Von Rad 1972:243). Hierdie ontwikkeling verteenwoordig mootlik etiese weerstand teen menseoffers in Israel.

Dit wil voorkom asof Israel se godsdiens 'n vertakking is van die Kanaänitiese godsdiens. Die JHWH-kultus was waarskynlik gebruik as banier waaronder Israeliete verenig is en gemotiveer is om te ontwikkel en hulleself te verdedig (Gottwald 1993: 183). Sosiologies word die sukses van hierdie kultus toegeskryf aan die feit dat dit 'n identiteit gegee het aan die strewe van Israel om gemeenskaplike waardes en gebruike te vestig, en die feit dat dit vrylik geleen het van die kultusse wat deur die JHWH-kultus vervang is (Gottwald 1993:184). Die JHWH-kultus het waarskynlik op verskillende plekke verskillend ontwikkel, en is eers na die vernietiging van die Israelitiese state as die hoofideologie aanvaar (vgl Davies 1992).

In latere ontwikkelingsfases het Israel hulle gedistansieer van die gemeenskap waaruit hulle ontwikkel het. Die nuwe groep se identiteit is op hierdie manier gevestig. In Genesis 9:25-27 word 'n vloek uitgespreek teen Kanaän. Hy sal sy broers se slaaf wees. Aangesien godsdiens dikwels dien as banier van die nuwe ideologie, word daar



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

gepolemiseer teen die moedergodsdiens in latere literatuur van die nuwe groep (Beck 1993:57-66). Daar is 'n heftige verwerping van die kultiese praktyke van die Kanaäniete in die Deuteronomistiese geskiedswerk (vgl o a Deut 12:1-3, 29-31; 2 Kon 23:4-15) en veral by die profete.

## 5. GEVOLGTREKKING TEN OPSIGTE VAN DIE TOTSTANDKOMING VAN ISRAEL EN SY RELIGIE

Alhoewel daar tussen navorsers heelwat verskille bestaan en die gegewens alles behalwe duidelik is, het daar tog 'n bepaalde konsensus ontwikkel: Die gegewens in Genesis tot Rigters bied nie 'n betroubare fondament vir die bestudering van die sosiale wêreld waarbinne Israel ontstaan het nie. Dit is in 'n groot mate anakronisties en tendensieus (vgl Gottwald 1993:166). Die antwoord op die vraag na die wortels van Israel lê in Kanaän. Die model van die landinname soos dit tradisioneel verstaan is en deur Albright se interpretasie van argeologiese gegewens ondersteun word, word deur nuwe vondse en navorsing weerspreek (vgl Dever 1990:57-60; Finkelstein 1988:295-302).

Dit lyk waarskynlik dat Israel rondom 1200 v C ontstaan het as 'n bepaalde groepering onder die Kanaäniete op die hooglande. Hierdie groep was nie homogeen nie — die lede was van verskillende oorsprong. Die meeste van hulle was uitgestote Kanaäniete wat stedelike vlugtelinge, sosiale uitgeworpenes en migrerende boere ingesluit het. Daar was waarskynlik ook immigrante uit die Transjordaan, Sirië en Klein Asië. Hulle was ontwortel deur die sosiale onrus aan die einde van die Laat-Bronstyd. Nuwe gemeenskappe is gestig waaronder die Israeliete een was (Dever 1995:211).

Miskien was die huis van Josef (Efraim en Manasse) alleen in Egipte (Dever 1990: 83; 1995:211). Hulle het hierdie verhaal vertel en het later in die verhaal almal ingesluit wat hulle beskou as deel van Israel. Die eksodusverhaal kon deur die latere Israel as volkseiendom aanvaar word soos die Afrikanervolk die Bloedriviertradisie as volkseiendom aanvaar het, alhoewel net die voorsate van 'n deel van die destydse Afrikaners by hierdie gebeurtenis betrokke was.

## 6. Teologiese implikasies

Binne geloofsgroepe wat die Bybel beskou as die Woord van God, word daar waarde geheg aan die waarheidskarakter van die Bybel. In konserwatiewe kringe word 'waarheid' as eenduidig geïnterpreteer. Dit beteken dat Bybelse gegewens ook moet klop met historiese feitlikhede. Binne so 'n benadering word die interpretasie van Bybelse gegewens sowel as die interpretasie van historiese gegewens geïnhibeer. Sonder voldoende interpretasie word die geloofwaardigheid van óf die Bybel óf die resultate van wetenskaplike navorsing aangetas.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Bybelse gegewens is nie neutrale, historiese beskrywings nie. Aan die een kant moet besef word dat die geskiedenis van Israel, soos dit tans in die Bybel verhaal word, geskryf is lank na die werklike gebeure. Dit is te wagte dat die beskrywings in die Bybel nie altyd klop met historiese feite nie. Aan die ander kant is dit duidelik dat die Bybelse gegewens ideologies bepaald is. By die interpretasie van Bybelse gegewens moet rekening gehou word met bepaalde kragvelde wat inherent is aan die kontekste waarbinne die gegewens voorkom en wat die inhoud van die gegewens kan verwring. Die volgende kragvelde moet geïdentifiseer word:

* Dit is normaal dat 'n bepaalde religie op uniekheid aanspraak maak. Dit is nie genoeg dat so 'n religie onderskei kan word van ander religieë nie. Die voorstelling word gewoonlik gemaak dat daar 'n duidelike skeiding bestaan. Hierdie tendens is veral belangrik wanneer aanhangers van 'n bepaalde religie gekonfronteer word met aanhangers van die moederreligie. Op hierdie manier word die bestaansreg van 'n religie gefundeer.

* Namate 'n volk se nasionalisme ontwikkel, word dit belangrik vir die volk om as 'n unieke entiteit voor te kom. 'n Kategoriese skeiding tussen die volk en ander volke word veronderstel.

* Religie en nasionalisme word ineengestrengel. Dit word 'n religieuse strewe om die integriteit van die volk te handhaaf en dit word 'n nasionale strewe om die integriteit van die religie te handhaaf.

* Die belangrikheid van 'n entiteit word op 'n tyd-as geprojekteer asof daardie entiteit se oorsprong baie ver terug lê. Enkele voorbeelde hiervan is die voorstelling van die Sabbat, die volk Israel, wysheid, die messias in die Ou Testament, die Christus in die Nuwe Testament.

Wanneer die navorsingsresultate met betrekking tot die totstandkoming van Israel ernstig oorweeg word en die aard van die Bybelse gegewens in berekening gebring word, is dit duidelik dat die historiese ontstaan en ontwikkeling van Israel nie uniek is soos tradisioneel aanvaar is nie. 'n Saak wat nog groter teologiese implikasies het, is die besef dat die historiese ontstaan en ontwikkeling van die religie van Israel ook nie so uniek is soos tradisioneel aanvaar is nie.

Bogenoemde standpuntinname impliseer nie 'n negatiewe waarde-oordeel oor Bybelse gegewens en die Joods-Christelike godsdiens nie. Die werklikheid is multidimensioneel. Daar is verskillende perspektiewe op die werklikheid. Vanuit 'n histo-



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

riese perspektief kan gesê word dat die Bybelse gegewens oor die totstandkoming van Israel en Israel se religie ideologies verwring is. Die Bybelse gegewens is nie vanuit 'n historiese oogpunt waardeloos nie. Dit bied tog waardevolle historiese insigte. In die eerste plek bevat hierdie korpus wel sommige ou tradisies. Daar is geen rede om te twyfel in die feit dat Moses wel bestaan het, dat 'n groep bevryde slawe uit Egipte 'n openbare kennismaking met JHWH gehad het en dat hierdie tradisies in Kanaän ingedra is nie. In die tweede plek verskaf die Bybelse gegewens waardevolle inligting oor hoe hierdie tradisies geïnterpreteer is in die sewende eeu v C en in die tyd na die ballingskap. Die *verwringing* van Bybelse gegewens toon aan ons die geloofsperspektief ten opsigte van wie Israel is en wat Israel se religie is.

Die wete dat die ontstaan van Israel en Israel se religie nie uitsonderlik van aard is nie, laat 'n mens 'n groot 'waarheid' ontdek — dit lei 'n mens om iets van die genade van God te verstaan: Die obskure oorsprong van die volk Israel en die religie van die Israeliete laat 'n mens verstom staan oor die wonder dat God die Israeliete en hulle religie op hierdie manier tot stand laat kom en uitverkies het as instrument in sy koninkryk. Uit hierdie nederige wortels het literêre kunswerke en godsdienstige juwele voortgekom van onskatbare waarde.

In die loop van Israel se ontwikkeling, het die Israeliete hulle tog mettertyd onderskei van die omringende godsdienste en kulture. Die grootste verskil lê moontlik op die gebied van hiërargieë. Waar daar by ander groepe 'n hiërargie van ondergeskiktheid is ten opsigte van hemelse wesens, word JHWH as die unieke en soewereine God beskou. In die gemeenskap word die beginsel van gelykheid hoog waardeer. Dit lê klem op vryheid en geregtigheid (vgl Gottwald 1993a:240-241).

Die uniekheid van Israel en die religie van die Israeliete lê nie in hulle oorsprong, etnisiteit of kulturele bepaaldheid nie, maar in 'n bepaalde dinamika. Die dinamika impliseer hergroepering, aanpassing, vernuwing en die respektering van etiese norme. Hierdie dinamika kan histories of sosiologies geanaliseer word. Tog kan hierdie dinamika op 'n teologiese vlak geïnterpreteer word as 'n ingryping van God.

Wanneer 'n kindjie vir 'n gelowige ouerpaar gebore word, bly dit vir hulle 'n genadegawe van God, al kan hierdie proses biologies verklaar word. Al kan die ontstaan van Israel sosiologies en histories op bepaalde maniere geïnterpreteer word, kan die gelowige dit steeds interpreteer in terme van Jesaja 44:1-5:

Maar luister nou, my kneg Jakob,
 Israel wat Ek uitverkies het:
So sê JHWH wat jou gemaak het,



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Hy wat jou gevorm het in die moederskoot en jou nou nog help:
Moenie bang wees nie, my dienaar Jakob,
Jesurun wat Ek uitverkies het.
Ek sal volop water gee op die dorsland,
strome op die droë grond.
Ek sal my gees uitgiet op jou kinders,
my seën op jou nakomelinge.
Hulle sal uitspruit soos gras in die veld,
soos wilgerbome langs waterlope.
Die een sal sê: 'Ek behoort aan JHWH,'
en homself 'n nakomeling van Jakob noem;
die ander sal op sy hand skryf: 'Aan JHWH'
en homself met die naam Israel noem.

**Literatuurverwysings**


Albright, W F 1949. *The archaeology of Palestine*. Harmondsworth: Pelican Books.

——— 1963. *The Biblical period from Abraham to Ezra*. New York: Doubleday.

Alt, A 1966. The settlement of the Israelites in Palestine, in *Essays on Old Testament history and religion*, 135-169. Oxford: Blackwell.

Beck, N A 1993. *Mature Christianity in the 21st century*. New York: Crossroad Publishing Company.

Bezuidenhout, L C 1978. Die polemiese karakter van Psalm 29. BD-skripsie, Universiteit van Pretoria.

Chaney, M 1983. Ancient Palestine peasant movements and the formation of pre-monarchic Israel, in Freedman, D N & Graf, D F (eds), *Palestine in transition: The emergence of Ancient Israel*, 39-90. Sheffield: Almond Press.

Coote, R B & Whitelam, K W 1987. *The emergence of early Israel in historical perspective*. Sheffield: The Almond Press.

——— 1990. *Early Israel: A new horizon*. Minneapolis: Fortress Press.

Davies, P R 1992. *In search of ancient Israel*. Sheffield: JSOT Press. (JSOT Suppl 148.)

Dever, W 1990. *Recent archaeological discoveries and Biblical research*. Seattle: University of Washington Press.

——— 1995. Ceramics, ethnicity, and the question of Israel's origins. *Biblical Archaeologist* 58/4, 200-213.




Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Finkelstein, I 1988. *The archaeology of the Israelite settlement.* Jerusalem: Israel Exploration Society.

Fritz, V 1987. Conquest or settlement? The early Iron Age in Palestine. *Biblical Archaeologist* 50, 84-100.

——— 1994. *An introduction to Biblical archaeology.* Sheffield: JSOT Press. (JSOT Suppl 172.)

Gottwald, N K 1975. Domain assumptions and societal models in the study of premonarchic Israel. *Vetus Testamentum Supplementum* 28, 89-100.

——— 1978. The hypothesis of the revolutionary origins of Ancient Israel: A response to Hauser and Thompson. *JSOT* 7, 37-52.

——— 1979. *The tribes of Yahweh: A sociology of the religion of liberated Israel: 1250-1050 BCE.* Maryknoll, New York: Orbis Books.

——— 1993a. *The Hebrew Bible in its social world and in ours.* Atlanta: Scholars Press.

——— 1993b. Recent studies of the social world of premonarchic Israel. *Currents in Research: Biblical Studies* 1, 163-190.

Green, A R W 1975. *The role of human sacrifice in the Ancient Near East.* Missoula Montana: Scholars Press. (ASOR Dissertation Series.)

Hammershaimb, E [1960] 1966. On the ethics of the Old Testament prophets, in *Old Testament prophecy from Isaiah to Malachi*, 63-90. Kpenhavn. (*Det lærde Selskabs skrifter*. Teologiske Skrifter 4.)

Lemche, N P 1985. *Early Israel: Anthropological and historical studies on the Israelite society before the monarchy.* Leiden: E J Brill. (Supplements to Vetus Testamentum Vol XXXVII.)

*Life Application Bible* 1988. Wheaton: Tyndale House Publishers, Inc.

Loretz, O 1988. *Ugarit-Texte und Thronbesteigunspsalmen: Die Metamorphose des Regenspenders Baăl-Jahwe.* Münster: Ugarit-Verlag.

Mendenhall, G E 1962. The Hebrew conquest of Palestine. *The Biblical Archaeologist Reader* 3, 100-120.

——— 1976. Migration theories vs. cultural changes: An explanation for early Israel. *SBL* 1976 Seminar Papers, 135-143.

——— 1983. Ancient Israel's hyphenated history, in Freedman, D N & Graf, D F (eds), *Palestine in transition*, 91-103. Sheffield: Almond Press.

Miller, J M 1977. The Israelite occupation of Canaan, in Heyes, J & Miller, J M (eds), *Israelite and Judean history*, 213-284. Londen: SCM.

Noth, M 1950. *Geschichte Israels.* Göttingen: Vandenhoeck.

Pritchard, J B 1955. *Ancient Near Eastern texts relating to the Old Testament.* Princeton: Princeton University Press.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Ramsey, G W 1982. *The quest for the historical Israel: Reconstructing Israel's early history*. Londen: SCM.

Smith, M 1990. *The early history of God: Yahweh and the other deities in ancient Israel*. San Francisco: Harper & Row.

Von Rad, G 1972. *Genesis, a commentary*. London: SCM Press Ltd. (OTL.)



Digitised by the University of Pretoria, Library Services